
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za



"...want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is..."

Die mens se wysheid is dwaasheid by God

In die tye waarin ons leef hoor ons baie van humanisme. Humanisme is "die mens se idees en gedagtes" en is nou 'n GODSDIENS. Die sondige mensdom het 'n mening oor elke moontlike onderwerp, beredeneer en regverdig hul besluite aangaande wêreld sake, vaardig mensgemaakte wette en reëls met groot trots uit in hul wysheid en begaafdheid, ongeag die feit dat hulle feitlik altyd die leerstellings en opdragte van die Here weerstaan. Die Here verklaar Sy mening oor die mens se wysheid in 1 Kor. 3 : 19-20 en ons lees: **want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is.** Ons sien hoe die mens in die Ou Testament probeer het om hulself in teenstand teen die wil en maniere van die Here te verhef en beplan het om hul eie planne uit te voer sonder om die Woord van die Here te raadpleeg en hoe Hy met hulle gedeel het omdat hulle hulself verhoog het. Op hierdie stadium is HUMANISME gebore! Genesis 11: 4-6: **En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.** Hierdie selfde denkpatroon in die mens kom nou na vore deur sommige fanatiese omgewingsbewustes, wat daarop uit is om "die planeet" te red en het alle soorte "wyse" maniere uitgedink om dit te doen! Laat my op hierdie punt sê dat ek ten volle ten gunste van 'n goeie bestuurder van die Aarde is wat die Here aan ons toevertrou het, soos opgeteken in Genesis 1: 26-28: **En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.** Die Here verwag van ons dat ons na Sy skepping moet kyk en dit aan te vul, die Here verwag egter nie van ons om die Aarde te beheer nie. Baie omgewingsbewustes gaan tekere oor aardverwarming en die osoonlaag wat droogtes, vloede en aardbewings veroorsaak terwyl daar altyd vloede en droogtes was, so ver terug as die dae van Noag en Josef se verblyf in Egipte. Hierdie weerpatrone is nie nuut vir die aarde nie. Ek is 80 jaar oud en in my kort verblyf op die Aarde het ek ondenkbare tydperke van weersveranderinge ondervind en het

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die mens se wysheid)
tot die besef gekom dat die Woorde van my Here gehoorsaam moet word. Wat die mens aanhoudend misluk om te verstaan is dat as ons ongehoorsaam is aan die wette en bevele van die Here sal ons die gevolge van ons ongehoorsaamheid dra en gebrek aan reën is een! Ons lees in **Jas 5:17: Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.** Dit was net een man wat in geloof gebid het, en bely het, en die Here het daarop gereageer. Ons het 'n vrye wil gekry en daarom is die keuse ons s'n.

As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.
En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal <u>as jy luister na die stem van die HERE jou God</u>. (Deut. 28 :1-2). Dan lees ons van die gevolge van ongehoorsaamheid in Deut. 28: 15: **Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.**

Wanneer ons die totale ongehoorsaamheid van die nasies van die wêreld vandag beskou, is dit geen wonder dat daar daagliks so baie rampe wêreldwyd plaasvind nie! Wette is bekragtig wat aborsie wettig wat die Here moord noem. Dobbelry is nou gewettig en 'n groot industrie. Prostitusie wat gewettig is is 'n stank in die neus van die Here omdat Hy seks buite die huweliksverbond as sonde beskou. Huwelike van dieselfde geslag is 'n gruwel vir Hom en tog word homoseksualiteit geredelik deur meeste van die wêreld aanvaar aangesien die mens eenvoudig die woord "homoseksueles" verander het na "gays" wat dit aanvaarbaar maak. Ons lees in Gen. 13:10 wat met Sodom en Gamorrah gebeur het.

Owerspel word versag deur dit 'n verhouding te noem. Lees uit die Bybel (die Woord van God) is in die skole verbied, so ook gebed in die naam van Jesus, en die mens beskou die nuwe wette as vooruitstrewend en "polities reg", alles in die naam van menseregte! Geen wonder die wêreld ondervind die een natuur ramp na die ander! Die mens se wysheid het na niks anders as sy eie vernietiging gelei nie en tog is die Woord van die Here aan ons gegee sodat ons dit kan lees en gehoorsaam en leef in die vrede en oorvloed wat Hy aan ons belowe het.

Die Woord van God is duisende jare oud en Hy het aan Moses bevele met Sy vinger op gekapte klip geskrywe. Hy het aan ons duisende profesieë in Sy Woord gegee, meeste waarvan alreeds vervul is tot die fynste besonderheid, wat bewys dat Hy inderdaad die Een en Enigste ware God is, skepper van die heelal. Toe Hy die Aarde geskape het, het Hy gesien dat alles wat Hy geskape het "goed was ". Ons lees in Genesis dat Hy plante en al die plantegroei op die derde dag geskape het, toe die son op die vierde dag omdat die plante sonlig nodig gehad het om te groei. Die diere is op die vyfde dag geskape en die mens op die sesde en het die nodige kos gehad om hulle te onderhou. Ons kan net verwonderd wees oor die wysheid van die Here!

Toe ek biologie en wetenskap studeer het, is ek geleer dat chlorofil (die groen materiaal van plante) absorbeer Co2 (koolstofdioksied) in die lug en laat O2 (suurstof) vry. Die Co2 verander na koolhidrate, wat ALLE lewende diere en die mensdom van kos voorsien. Die koolhidrate, stysels, suikers en selfs protiene kom van Co2 en sonlig af. Ons het plant protiene maar ook diere protiene wat van die plante af kom wat die diere vreet. Co2 word dus die belangrikste bestanddeel van die lewe siklus en sonder Co2 en kos kan geen lewe bestaan nie. Dit word die enigste bron van hernubare energie. Vandag probeer ons om brandstof (energie) uit mielies en suiker te maak. Alle energie kom van Co2. Ek lees met groot belangstelling dat die omgewingsbewustes nou voorstel dat Co2 versamel en in ou myne begrawe moet word en ek staan verstom en verwonderd oor die wysheid van die Here wat hierdie plan duisende jare gelede gehad het en die plante wat Co2 gebruik om koolhidrate te vorm – hout en alle plantmateriaal is diep onder die oppervlakte van die Aarde begrawe (as fossiel energie) wat steenkool en olie gevorm het wat ons hoofbronne van energie is – universeel! Wanneer die energie daarin gebruik is bly Co2 oor en word weer hersirkuleer – 'n nimmereindigende kringloop. So produseer die natuur koolhidrate (carbohydrate) en koolwaterstof (hydrocarbon) van Co2. Die Here is so Groot!

Daagliks word die wêreld vreesbevang met die sogenaamde AARDVERWARMING gebombardeer. Dit word beweer dat die oorsaak daarvan is dat die hitte strale van die son wanneer terug weerkaats word, nie deur die sogenaamde CO2 laag om die aarde kan dring nie, en dit die oorsaak is. My vraag is hoe was dit dan moontlik dat die hittestrale in die eerste plek die sogenaamde C02 laag deurdring het om die aarde te bereik??

'n Onlangse koerantberig het verklaar dat daar massiewe mere van ruolie genaamd koolwaterstowwe (van Co2) is wat tot 5 km. onder die oppervlak van ons planeet is en wat oorspronklik van seelewe afkomstig is. Hoe wonderlik dat die Here al die energie voorsien het en nadat alles verbrand is, is al wat oorbly Co2 wat dan deur die plante gebruik sal word om koolhidrate te vorm.

Die oorlewing van ons pragtige fynbos plante in die Kaap kan slegs oorleef en groei wanneer hulle in aanraking kom met vuur! Mense en diere het die stimulasie van Co2 in hul bloedstroom nodig om asem te haal en jy kan dit bewys deur net te kyk hoe lank jy jou asem kan ophou soos die Co2 vlak in jou bloed styg en jy is geforseer om asem te haal. O, die wonder van ons Skepper! Die omgewingsbewustes het 'n obsessie om die produsering van Co2 te beteuel, maar die grootste oorsaak van die gas is die mens self. Daar is teenwoordig ongeveer 9 biljoen mense op die Aarde wat almal lug inasem, hulle gebruik o2 en produseer Co2 onophoudend.

Dit is interessant om op die betekenis van **El Nino** te let. Audio English verklaar die volgende op hulle web: **El Nino** – beteken Die Christus

(Vervolg op Bl. 6)

El Shadai and not El Nino

The scientists and weather prophets have once again pronounced the curse of El Nino over the country during Christmas time, and most people, including some Christians, just accept it as being the inevitable. My aim is not going to discredit the scientists because, as a medical doctor, I too studied science, but my desire in writing this article is to show you a better way, a superior way, the Lord's way according to His Word and miraculous power. Of course the Lord's perfect will for His people has always been that they should have an abundance of rain in season, resulting in a wonderful harvest, but although His desire to bless us in this manner is unconditional, the fulfilment of His promises are conditional and depend on our obedience to His Word. . We read in Jeremiah : **But this people hath a revolting and a rebellious heart; they are revolted and gone. Neither say they in their heart, Let us now fear the LORD our God, that giveth rain, both the former and the latter, in His season: He reserveth unto us the appointed weeks of the harvest. Your iniquities have turned away these *things,* and your sins have withholden good *things* from you. (Jer. 5:23-25)** This same truth is expressed in the book of 2 Chronicles 7:14-15: **If My people, which are called by My name, shall humble themselves, and pray, and seek My face, <u>and turn from their wicked ways</u>; then will I hear from heaven, and will forgive their sin, and will heal their land. Now mine eyes shall be open, and mine ears attend unto the <u>prayer *that is made* in this place</u>.** There should be no doubt in our mind after reading these two scriptures, that when rain is lacking, the Lord's people have to turn back to Him with their whole heart and seek His face in prayer and repentance. And when we do this, He promises to send the rain.



"...the Lord's perfect will for His people has always been that they should have an abundance of rain in season, resulting in a wonderful harvest..."

Then there are certain basic principles in the Bible that are of the utmost importance and which are able to affect our lives, and one of these Biblical principles is the proclamation with our mouth, that which we believe. When we are trusting the Lord in all things, as we should, the words that come forth from our mouth ought to be evident of that faith we have in Him. But just as "faith" can be **voiced** through you , so can doubt and unbelief! The greatest event in our life is when we become born again, born from above, and in Romans 10:9-10, we read the following : **That if thou shalt <u>confess with thy mouth</u> the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised Him from the dead, thou shalt be saved. For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.** After we have repented of our sin and turned to the Lord Jesus Christ in faith to save us, it is obvious from the above scripture, that there are two things that we must do, the first is that we must believe in the Lord Jesus Christ and His finished work on the cross at Calvary, and then we must proclaim with our mouth that which we believe. It is the same principle for when **a man and a woman** get married and become husband and wife. We stand before the relevant authority and profess our love for, and acceptance of, the one to whom we are committing our life in Holy matrimony – we HAVE to confess with our mouth, the decision we have made and that love which is in our heart! In both cases we enter into a lasting covenant before the Lord. Thus we see how much authority our words have, and how important they are! When the Lord made man, He gave to him the freedom to make choices and the ability to speak. This is so that we can have fellowship with Him and with those around us by communication through speech. We are however held responsible for the words we speak. We read in **Prov. 18:21: Death and life *are* in the power of the tongue: But I say unto you, That every idle word that men shall speak, they shall give account thereof in the day of judgment. (Mat 12:36)** Now with the knowledge of the Lord's promises to bless His people, and His Sovereign and mighty ability to do so, we need to examine our part in expressing our expectancy and trust in Him especially concerning our climate and rainfall I! I refer in particular to the El Nino phenomenon, and the consternation that it has caused and is causing whenever that name is spoken.

It is interesting to note the meaning of **El Nino.** Audio English states the following on their website: **El Nino** – meaning The Christ Child : Deliverer; Good Shepherd ; Jesus; Jesus Christ; Jesus of Nazareth ; Redeemer; Saviour; the Nazarene. "Think Quest" on their website says the following: **El Nino:** means different things to different people. In Spanish el nino means small boy or child, El Nino refers to Jesus as an infant. To Peruvians, it has an additional meaning, a particular intermittent warm ocean current that moves southward along its coast. It received this name at some time before the beginning of the 20 century. The popular contemporary version of how it got its name refers to the fact that warm water appears off the coast of Peru seasonally, beginning around **Christmas time**, *id est* during the summer in the Southern Hemisphere which is the Northern Hemisphere winter.

I find it quite amazing that the devil has succeeded in getting the whole world to refer to this DESTRUCTIVE phenomenon as "El Nino", this title meaning infant Jesus, whereas Jesus Himself says just the opposite in John 10:10: **The thief** (devil) **cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I** (Jesus) **am**

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - El Shadai and not El Nino….)

come that they might have life, and that they might have *it* more abundantly. One could hardly refer to the weather phenomenon "El Nino" as bringing **abundant life** where ever it occurs, in fact it does just the opposite and **comes to steal, kill and to destroy!** How blatantly arrogant of Satan to try, through this manner to use "the man given name" of Jesus as being the Destroyer when that title fits the devil and him alone! The Name of Jesus is the Name above all names! We read in Phill. 2:9-10: **Wherefore God also hath highly exalted Him, and given Him a name which is above every name: That at the name of Jesus every knee should bow, of things in heaven, and things in earth, and things under the earth.** And then again we read in **Acts 4:12: Neither is there salvation in any other: for there is none other name under heaven given among men, whereby we must be saved.**

It *has been reported that El Nino is on its way because the warming of the Pacific Ocean.*

Why only a small portion of the Pacific Ocean to be heated? What about the Indian and Atlantic Oceans from whenst we receive rain? And what is suddenly going to heat this portion of the Ocean? Why pertaining only to certain years? There is just no scientific logic in these man-made theories.

Because of this theory, "they" say that during the summer months, a terrible drought will develop that is going to bring all agriculture in our country to its knees.

This declaration (man's prophecy) is being accepted unconditionally, even by some children of the Lord, and the cry on the lips of the farmers is just one thing, and that is that El Nino is coming and there will be no rain! They are believing with their hearts and confessing it with their mouths, and according to the word of the Lord, they will get just what they say! What should our proclamation be in these circumstances? With faith in our heart and fully trusting the Lord and His word, we should declare: "Satan it is written" in Leviticus 26:4: **Then I will give you rain in due season, and the land shall yield her increase, and the trees of the field shall yield their fruit. "**Satan it is written: **God covers the heaven with clouds, and He prepares rain for the earth, He makes grass to grow upon the mountains. (Psa. 147:8)** Satan it is written: **For as the rain cometh down, and the snow from heaven, and returneth not thither, but watereth the earth, and maketh it bring forth and bud, that it may give seed to the sower, and bread to the eater: So shall My word be that goeth forth out of My mouth: it shall not return unto Me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper *in the thing* whereto I sent it. (Isa 55:10-11)**

We joined in prayer with those Christians who gathered together in the Cape recently to pray for rain in the country, the Lord sent wonderful showers in certain areas, and now it is time to thank Him and to stand firm on His promises, professing His Word and declaring it over our land! Let us continue to proclaim the above scriptures for our beautiful country, because the Word of the Lord will not return to Him void!

He is the same Lord who sent manna from heaven to feed His people! He opened the Red Sea miraculously for the Israelites to cross over! Jesus calmed the wind and the waves by speaking to them and raised the dead with one command: "Lazarus, come forth!" There is nothing scientific about any of these wonderful works of our Lord, but they were VERY effective indeed, and He has never changed! (Heb. 13:8) **In the morning sow thy seed, and in the evening withhold not thine hand: for thou knowest not whether shall prosper, either this or that, or whether they both *shall be* alike good. (Ecc. 11:6)** Who can explain His ways and His thoughts? **For My thoughts *are* not your thoughts, neither *are* your ways My ways, saith the LORD. For *as* the heavens are higher than the earth, so are My ways higher than your ways, and My thoughts than your thoughts. For as the rain cometh down, and the snow from heaven, and returneth not thither, but watereth the earth, and maketh it bring forth and bud, that it may give seed to the sower, and bread to the eater: (Isa 55:8-10)** Of this you may be confident and sure, our Lord will honour our prayers and confession of faith in Him, by dealing with the enemy's lie of **El Nino** and simultaneously confirm His Rule as **El Shaddai** meaning, **Almighty God!** □

Of this you may be confident and sure, our Lord will honour our prayers and confession of faith in Him, by dealing with the enemy's lie of **El Nino** and simultaneously confirm His Rule as **El Shaddai** meaning, **Almighty God!**



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie dankie vir die gebede vir Rita my skoonsuster. Die nier spesialis het bevind dat daar geen kanker in haar nier meer is nie. Alle eer aan God. Ek kan ook hoor wanneer sy praat oor die telefoon dat sy waarlik opgewek is. Sy het ook in die tussentyd haar hart vir die Here gegee. Baie dankie. Gods rykste seën.

Mev A van der Colff, Grabouw

Ons het gevra vir gebed vir Ylanda Esterhuyse van Namibië, wie se kanker telling na 20 gestyg het! Prys God daar is geen teken van kanker by haar nie, al die eer aan ons Hemelse Vader wat die volle prys vir ons betaal het.

Mev E Shoeman, Nelspruit

Ek het in 2005 'n brief aan julle geskryf en 12 Januarie 2005 het julle 'n brief aan my gepos om saam te staan in oorwinning. Wel my seun is genees en verlos van verdowingsmiddels en alkohol. Hy is Julie 2007 getroud en hy en sy vrou dien die Here en gee saam A A klasse vir diegene wat geval het en wil opstaan. Prys God daarvoor!

Mev H Fourie, Port Elizabeth

Hiermee wil ek net die wonderlike nuus aan u meedeel. Toe Frans Coetzee verlede week, Dinsdag die spesialiste in Kimberley gaan sien was alle toetse skoon. Geen spoor van kanker by die prostaat. Prys die Here, baie dankie vir die kragtige gebede van Dr James en die sentrum span.

Mev K Persens, Kakamas

Ek het gebel en gevra om asseblief vir Ben in Australië te bid vir 'n knoppie aan sy voorkop. 'n Biopsi is geneem, volgende keer na 2 dae laat weet hulle dis na Brisbane gestuur vir verdere ondersoek. Ek bel julle die Sentrum weer. Vanoggend vroeg laat weet hy op sms "alles is skoon"!! O ek was so bly en baie dankbaar en het voor die Here gehuil van dankbaarheid, en Hom net dankie gesê aanhoudend! Hy's so 'n wonderlike getroue God! Hy sorg so vir Sy kinders en die kleine en grote dinge! Ek is so lief vir Hom. Ek loof en prys Hom en al die dank, lof en aanbidding van my hart kom Hom toe!

Mev B Swanepoel, Philippolis

Ek wil graag die volgende met u deel. In Mei 2009 het ons na Gauteng gereis en by Beaufort West het ons by 'n bruin man gestop om aanwysings te vra. Hy was baie beleefd en het dadelik 'n afgerolde artikel uit 'n sak gehaal en aan ons oorhandig. Die artikel was "Gee my dan hou hierdie bergland" uit julle maandblad Geloof in die Woord. Ek het dit geneem en gesê dat ons ook die blad ontvang. Hy het vertel dat hierdie Dr James van Zyl sy leermeester en vader in die geloof is. En hy het al so baie by julle geleer. Waaroor ek so jammer is, is dat ek nie sy naam gevra het nie om dit vir julle deur te gee nie. Maar ek wou net vir julle vertel wat se wonderlike werk hy doen deur 'n gedeelte af te rol en uit te deel in die dorp net waar hy gaan. Ons bid die Here se seën af vir die man en vir die wonderlike werk wat julle doen by die sentrum. Groete in Jesus.

Mev I Vorster, Riversdal

Baie dankie dat u vir my gebid het nadat ek trombose in Mei in die linkeroog gekry het. Ek kon niks met die oog sien nie en die oogarts was van mening dat dit permanente skade is. Hy het my behandel met laser en ook inspuitings in die oog. Ek het julle gevra om vir my te bid danksy u boekies en u geskrifte het ek geweet dat ek weer sal sien. Ek was Maandag weer by die arts wat nie kon glo dat my visie so herstel het nie. 'n Verdere inspuiting was nie nodig nie. Hy het gesê dis ongelooflik en 'n wonderwerk. Hy wou nie uitbrei nie maar bygevoeg dat ek seker baie kerk toe gaan. Ek het hom reggehelp. Dit het reggekom met gebed en geloof. Baie dankie. Baie dankie vir die baie kere dat julle vir my en my familie gebid het. Met vriendelike groete.

Pauline van Zyl, Jansenville

Prys die Here vir u gebed sentrum. Ek het u geskakel vir gebed vir T J Erasmus, hy het ;n nier oorplanting gehad. Twee dae na die operasie het alles begin skeef loop, en ek het u dadelik gebel en gevra vir gebed. Wat 'n wonderwerk uit God se Hand. T J is op herstel in 'n gewone saal. Baie dankie vir u getroue gebede, ek loof en prys God vir so 'n

NOTICE

We strongly recommend that you read our book **"A Woman after God's own Heart"**, in the light of current local and world wide events, and the distortion and reversal of the role of the woman according to God's Word. Book no. 68 @ R16.00. It is also available in Afrikaans **"Die Vrou na God se Hart"**, Boek nr. 69.

(vervolg vanaf Bl. 2 - Die mens se wysheid...)
Kind; Verlosser; Goeie Herder; Jesus; Jesus Christus; Jesus van Nasaret; Verlosser; Redder; die Nasarener.

Think Quest sê die volgende op hulle web: **El Nino:** beteken verskillende dinge vir verskillende mense. In Spaans beteken el nino 'n klein seuntjie of kind El Nino verwys na Jesus as 'n kleuter. Vir Peruviane, het dit 'n bykomende betekenis, 'n besondere afwisselende warm oseaan stroom wat suidwaarts beweeg langs hulle kus. Dit het die naam een of ander tyd voor die begin van die 20ste eeu ontvang. Die populêre hedendaagse verklaring van hoe dit sy naam gekry het verwys na die feit dat warm water langs die kus van Peru seisoenaal verskyn, dit begin om en by Kersfees tyd dit is gedurende die somer in die Suidelike Halfrond wanneer dit in die Noordelike Halfrond winter is.

Ek vind dit uiters verbasend dat die duiwel daarin geslaag het om die wêreld na die VERNIETIGENDE verskynsel as "El Nino" te laat verwys, hierdie titel beteken kleuter Jesus, terwyl Jesus Self net die teenoorgestelde sê in Joh. 10: 10: **Die dief** (duiwel) **kom net om te steel, slag en te verwoes, maar Ek** (Jesus) **het gekom dat julle lewe in oorvloed kan hê.** Iemand kan beswaarlik na die weer verskynsel "El Nino" as om **oorvloedige lewe** te bring verwys, waar dit ook al voorkom, dit het sogenaamd in werklikheid die teenoorgestelde uitwerking en **kom om te steel, slag en vernietig!** Hoe blatant arrogant van Satan om te probeer, om op die manier die "die mens gegewe naam" te gebruik van Jesus as die Vernietiger wanneer daardie titel die duiwel en hom alleen pas! Die Naam van Jesus is die Naam bo alle name! Ons lees in Fil. 2: 9 – 10: **Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is.** En weer lees ons in **Hand. 4: 12: En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.**

Wat ek hier wil beklemtoon is die feit dat die Here, Skepper van die Hemele en die Aarde presies geweet het wat Hy doen toe Hy hulle geskape het en Hy is steeds volkome in beheer, selfs alhoewel die mens op die oomblik ons wil laat glo dat die omgewing buite beheer tol en dat ONS iets in ons eie krag en wysheid moet doen om die SITUASIE TE RED! Hoe belaglik! Die vyand trek voordeel uit die situasie deur VREES en 'n gevoel van hopeloosheid in die harte van die mans en vroue reg oor die wêreld te plaas deur die stemme van die "slim" leiers van regerings, omgewingsbewustes, verkondigers van Menseregte, Diereregte, wetenskaplikes en sulkes te gebruik om dit te doen. **2 Tim 1:7: Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.** Ek moedig julle aan om jul oë op die Here te hou, julle het niks om te vrees nie. Hy het Sy **Goddelike Regte** aan die mensdom in Sy Woord verkondig en dit sal wys wees om Sy advies te neem omdat die Bybel die handleiding is wat Hy aan die mens vir oorlewing gegee het. 'n Volmaakte gevriesde olifant is in 'n gletser by die noord pool gevind, wat bewys dat daar plantegroei moes gewees het, en as daar smelting van die ys is, is dit 'n natuurlike verskynsel. Daar is ook olie en steenkool binne die Arties sirkel.

ISRAEL – Die appel van God se oog

'n Belangrike rede vir die natuurrampe wat nou in die wêreld plaasvind, fokus op Israel, die Here se Heilige Land en Jerusalem sy hoofstad. God het duidelik die grense van die Beloofde Land in Sy Woord bepaal en Hy waarsku dat Sy land nie verdeel mag word nie omdat dit Sy land en Sy volk Israel is wat daarin moet woon. Hy het 'n ewigdurende verbond met Abraham, Isak en Jakob gemaak dat hulle die land vir ewig as 'n erfdeel sal besit in Gen. 17:8 en Gen. 15:18-21: **Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete en Hetiete en Feresiete en Refaïete en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete.**

Ons sien egter hoe die nasies teen Israel versamel en in hul "oneindige" wysheid anders besluit het in die naam van "vrede"! Hulle is besig om die bepaling van die Here teen te staan en hulle beweeg voorwaar op baie gevaarlike terrein. Dink net wat het in die afgelope jare onder die nasies plaasgevind het wat Israel "vervloek" het – die rampe wat hulle getref het en nog daagliks tref. Die Bybel sê vir ons dat die Here hulle sal seën wat vir Israel seën en Hy sal hulle wat Israel vervloek, vervloek. **Gen 12:2-3: En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.** Die Woord sê egter vir ons dat al die nasies saam teen Israel sal verenig (verenigde nasies) en die profetiese woord word voor ons oë vervul. **Zec 12:3-4: En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word. In dié dag, spreek die HERE, sal Ek al die perde met verwarring slaan en hulle ruiters met waansin; maar oor die huis van Juda sal Ek my oë oophou, terwyl Ek al die perde van die volke met blindheid slaan.**

Terwyl ek die artikel skryf, lees ek in die koerant dat hierdie goddelose situasie vinnig veld wen met duisende mense in die Midde-Ooste, almal van dieselfde godsdiens wat sterf omdat hulle gedetermineerd is om Israel te vernietig. Dit spel duidelik die feit uit dat Messias Jesus se wederkoms naby is!

Laat ons dus ons hoofde ophef en opkyk met harte van vreugde want ons verlossing is baie, baie naby. Ons lees in Matt. 24: 2-4 Jesus se waarskuwing aan Sy dissipels aangaande Sy koms en die einde van die wêreld: **En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken**



uit **Dr James** se kantoor

HOE GROOT IS ONS HERE JESUS! In die afgelope maand het ek weereens bewus geraak van die wonder en wysheid van die Here wie ons dien en ek wil my vreugde met julle deel! Sy weë is verseker nie ons weë nie en Hy is by magte om te doen ver bo wat ons ook al kan dink of droom! Selfs meer as wat ons ons kan voorstel!

Die eerste getuienis wat ek met julle wil deel gaan oor 'n dame wat ons geskakel het om ons van 'n wonderwerk te vertel wat plaasgevind het by 'n genesingsdiens wat ek jare gelede in die Boksburg stadsaal gehou het. Sy het gesê dat sy nooit geskryf het om ons te vertel wat daardie namiddag gebeur het nie, maar dat sy voel om ons nou daarvan te vertel. Haar jong seun se sig was blykbaar baie sleg en sy het sy oë laat toets vir skool. Die uitslag was dat hy nie na 'n normale skool kon gaan nie omdat hy as feitlik blind beskou is, hy sou 'n skool vir swaksiende kinders moes bywoon. Sy het aanvaar wat die spesialis gesê het omdat sy besef het dat dit die waarheid was, haar seun kon nie behoorlik sien nie! Hy het haar daardie dag na ons byeenkoms vergesel en sy sê dat nadat ek vir die wat na die verhoog gekom het gebid het, ek 'n algemene gebed gebid het vir al die siekes en wat behoeftes gehad het en dat oë en sig herstel word. Haar seun het haar vertel dat hy sy oë gedurende die gebed gesluit het en nadat ek amen gesê het het hy sy oë oopgemaak en kon VOLMAAK sien! Sy het verder gesê dat hy vir sy hele skoolloopbaan na 'n normale skool gegaan het en matriek met vlieënde vaandels geslaag het. Sy wou dit alles nou eers met ons deel na al jare en ek is so bly dat sy dit gedoen het!

Die tweede groot nuus het van 'n jong dame gekom wat aan leukemie gely het. Sy het vinnig agteruit gegaan en het die hele tyd baie behandelinge gehad. Sy het soveel gewig verloor dat sy desperaat geraak het, toe het haar Ouma die Sentrum geskakel vir gebed vir haar. Sy sê dat sy aan die begin stadig gewig aangesit het en begin het om soveel beter te voel dat sy terug na die spesialis is wat skanderings en toetse gedoen het en verstom was toe hy verklaar het: "Wel ek weet nie wat jy gedoen het nie, maar wat jy gedoen het hou daarmee aan omdat dit werk! Die leukemie is weg!" Sy sê dat sy vir hom gesê het dat dit gebed was en dat Jesus haar genees het en hy het geantwoord "dink jy so?" Sy het gesê: "Ek WEET dit is!" Laat ons almal saam met haar juig! Die Here se weë verwar selfs die geleerdes!

Toe het ons 'n telefoon oproep van iemand ontvang wat in desperate finansiële nood verkeer het en wat alle moontlikhede probeer het om 'n plan te maak. Die sperdatum het vinnig nader gekom en hy het nie geweet wat om te doen nie, maar natuurlik het hy na die Here met geloof in sy hart gedraai en uitgeroep, "Here ek vertrou U vir die nodige finansies om my in staat te stel om met my besigheid aan te gaan en die salarisse van my personeel te betaal wat van my afhanklik is! Here. Help my asseblief, ek weet nie hoe nie, maar ek weet dat U 'n weg sal kry omdat ek U kind is!" Hy het gesê dat sy vrou net die volgende dag 'n Epos van 'n bank genootskap ontvang het wat haar in kennis gestel het van aandele dividende waarvan sy GEEN IDEE GEHAD HET DAT SY BESIT HET NIE! Hulle was oorstelp van vreugde en kon die gaping volkome oorbrug! Hoe groot is ons God? Hy dink aan verstommende maniere om ons gebede te beantwoord en het nooit 'n tekort aan idees nie, as ons Hom net vertrou en uitspreek! Geen rekenmeester kon met so 'n oplossing na vore kom nie, maar die Here het en Hy kry al die lof en EER.

Dan is daar hierdie wonderlike getuienis van die Here se beskerming wat ons van ons kosbare vriende in Burgersfort ontvang het. Die hele gesin dien die Here met hulle hele hart en het Sy werk geweldig ondersteun vir meer as 30 jaar. Hulle is die eienaars van 'n winkelsentrum met 'n OTM tussen twee van die winkels, en hul oudste seun het ons opgewonde geskakel met die wonderlike getuienis waar hy al die eer en lof aan die Here gee! Hy sê dat hulle in die vroeë oggendure wakker gemaak is met die nuus dat die OTM in die gebou opgeblaas is! Sy vader was die eerste op die toneel en al wat hy kon sien was rook en verwronge metaal! Die veiligheidswagte was bang dat daar nog 'n bomontploffing sou wees dus het hulle verweg padgegee en gestaan en toekyk. Toe dit wat eens die OTM masjien was van nader beskou is was al wat oorgebly het 'n gat in die muur waar dit eens was en die masjien was 'n stuk verwronge metaal. Die plek was besaai met stukkies van die papiergeld, en hier kom die wonderwerk.....! Al die winkels se voorkante het groot glasvensters, selfs die aan weerskante van waar die OTM was en nie een glasvenster was gebreek nie! Daar was nie eers 'n kraak in enige van die ruite nie! Wat 'n wonderwerk! Nie een steen of stukkie pleister is deur die ontploffing beskadig wat deur die dorp gedonder het nie, mense het gesê dat hulle dit kilometers ver vanwaar dit gebeur het gehoor het! Selfs nie eers die agterste muur waar die OTM was is aangeraak nie net die masjien self!! Hulle kan nog steeds nie oor dit kom hoedat die Here hul gebou en die omgewing beskerm het nie! Hy sê dat Psalm 91 net in sy hart gekom het toe hy die geweldige omvang besef het van wat in hul midde plaas gevind het. God eer verseker Sy Woord!

Die volgende oproep het van 'n vrou gekom wat gesê het dat sy 'n tyd gelede geskakel het vir gebed vir haar dogter se nier wat nie reg gefunksioneer het nie. Haar een nier was misvormd en het nooit gefunksioneer nie en sy het geskakel om te vra dat gebid word vir die genesing van die nier wat "reg" was wat nie behoorlik gewerk het nie. Sy sê dat sy weer gebel het om ons die ongelooflike nuus te vertel. Toe haar dogter teruggegaan het na die uroloog vir 'n opvolg ondersoek was hy verstom oor die resultate van die "scan"! Nie net het die Here Jesus die sukkelende nier volkome herstel nie, maar die misvormde nier is ook volkome herstel! Loof die Here! Hy voorsien selfs meer as die geloof wat ons het om Hom voor te vra! Kan jy jou die vreugde voorstel wat in daardie gesin se huis plaasgevind het! Ons almal juig saam met hulle en gee Eer aan die Here! Hoe kan die "wysheid" van die mens die grootheid van ons Skepper verklaar?

Ek was baie geseën deur die brief wat ek van Alta in Christiana ontvang het as gevolg van my geweldige liefde vir diere, veral honde. My eie, Duitse herder gekruis met wolf, honde is soos my kinders en ek word dikwels gevra om vir diere te bid wat ek met liefde doen – hulle is deel van die Here se skepping en ek is seker dat Hy hulle aan ons gegee het vir ons plesier! So hier is dan Alta se wonderlike getuienis:

Ek wil die Here loof en prys, Sy Naam groot maak! Hy is voorwaar 'n God van liefde. Die 24 ste Okt., die vakansiedag, het 'n boerboel my Toy Pom gebyt. Ek het hom in die motor gelaai en na die veearts se huis gejaag, toe na die spreekkamer en toe na die dame wat by hom werk. Al die tyd wanneer dit lyk of hy ophou asemhaal het ek tot die

(Vervolg vanaf Bl 7 - Uit Dr James se kantoor...)

Here geroep. Ek het dadelik vir Dee gebel om te bid en vir Dok en Meg te vra om te bid. So baie het saam met my gebid. Sy sê toe dat hy by 'n manneontbyt is en ek is toe daarheen. Hy het dadelik uitgekom en gesê dat ek spreekkamer toe moet jaag , hy kom. Volgens hom was daar nie hoop nie. Geweldige skeur in longvlies. Hy het glo vir die mans by die ontbyt gesê dat hy niks kon doen nie net opbind. Die middag half twee bel hy my en sê dat hy nie weet, maar die oudjie is baie beter en het selfs geëet, ek het toe vir hom gesê dat dit die Here is en dat baie vir hom gebid het. Hy is ook 'n gelowige en sê toe dat hy dit nou kan verstaan. Hy het egter die volgende dag gesê dat volgens medies hy nie buite gevaar is nie, so het dit vir drie dae aangehou. Die Here het Skrif vir my gegee waaraan ek vasgehou het elke keer as die vyand my met vrees wou vul, dit is: Luk.8:50b; Joh.16:23 en Joh.11:40. Hy het so vinnig beter geword dat die veearts gesê het dat 'n wonderwerk gebeur het. Na 4 dae by die dierehospitaal het hy huis toe gekom. Hy is weer die ou kosbare hondjie en elke keer wanneer ek na hom kyk kan ek net die Here loof en dank en besef dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Baie, baie dankie Dok en Meg vir jul kragtige gebede, ook vir David, Dee, Chantel en Jacqui, ek waardeer julle. Mag die Here jul die krag gee om met die wonderlike werk vir Hom voort te gaan. Liefde Alta. Christiana.

Ek onthou die dae toe ek kommersieel vis gevang het en van die daaglikse radio weerberigte afhanklik was voordat ek op see kon uitgaan. Die weerburo het toegang gehad tot al die beste toerusting beskikbaar om te voorspel watter winde sou waai op enige bepaalde dag en ons het besluit in watter rigting ons sou gaan volgens die rigting van die heersende wind. Byvoorbeeld as die weerburo gesê het dat daar 'n noordoostewind sou kom, het ons in 'n noordoostelike rigting gevaar sodat ons met die heersende wind kon terugkom. Op een bepaalde dag het die weerburo berig dat 'n noordoostelike wind sou waai, dus het ons in 'n noordoostelike rigting gevaar en skielik het 'n baie sterk westelike wind opgekom en ons het beswaarlik terug by die kus aangekom. Ons lewens was in gevaar gestel deur menslike weervoorspelling en ek wou die toepaslike voorspellers dit laat weet! So het ek die buro geskakel en hulle vertel wat gebeur het en dat ek nie met hulle en al hulle wetenskaplike tegnologie en toerusting, wat hulle in hierdie dag en tyd tot hulle beskikking gehad het, beïndruk was nie! Die geleerde en geïrriteerde deskundige aan die ander kant van die telefoon het 'n baie kort antwoord vir my gegee: "Wel ons is NIE GOD nie!" En dit is die eenvoudige waarheid, die mens is nie God nie, selfs nie die slimste en geleerdste nie! **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare (Sag. 4:6).**

So vertrou ek dat hierdie bo-natuurlike werke van die Here wat ek met julle in die nuusbrief gedeel het sal dien om julle, met watter omstandigheid julle ook al op die oomblik worstel, te bemoedig. Onthou dat die wysheid van die Here en Sy weë baie groter as ons s'n is en ons kan Hom vertrou ongeag die situasie en ten spyte daarvan! **Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou (Heb. 10:23).**

Dank aan elkeen van julle wat aan ons julle geloof opbouende getuienis oor die laaste 30 jare gegee het. Elkeen bring eer aan die Here en elkeen is spesiaal en so persoonlik! Elkeen is 'n bron van bemoediging vir iemand wat hulself in 'n soortgelyke situasie bevind, om hulle te help om in geloof te staan vertrouend op die Here Jesus om dieselfde vir hulle te doen omdat Hy nie 'n aannemer van persone is nie (Hand. 10:34). Aan Hom al die eer en al die glorie altyd, ons durf nie enige eer toe eien wat Sy Naam toekom nie. Ons dank en loof U Jesus!

Ons bid vir al die studente wat op die eksamenuitslae wag. Hulle het so hard gewerk en die Here sal hulle ywer eer. Ons het gebid toe hulle die eksamens geskryf het en sien daarna uit om saam met hulle te juig wanneer hulle hul uitslae hoor. Baie dankie vir julle getrouheid om vir ons te bid en te ondersteun soos ons aanhou om die Goeie Nuus van ons Here Jesus Christus en Sy voltooide werk op Golgota te versprei in hierdie laaste dae, ons ondervind elke dag meer en meer die dringendheid om die verlorenes te bereik en die beperkte tyd wat oor is. Dankie dat julle dit moontlik maak, julle doen jul deel en ons is baie bewus van die verantwoordelikheid wat die Here aan ons toevertrou het. Mag ons almal aktief gevind word met die bou van Sy Hemelse Koninkryk terwyl daar nog tyd op Aarde is. Wees verseker van ons liefde, ons waardering en ons gebede.

Liefdegroete

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.